



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARDE VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

GLOSSARIUM VAN OMSKREWE TERME



Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2014 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.



GLOSSARIUM VAN OMSKREWE TERME

Inleiding

Standpunte oor Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarskapsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, buiten 'n munisipaliteit, wie se gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarskapsbeheer van enige van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van *International Financial Reporting Standards* (IFRS'e) uitgegee deur die *International Accounting Standards Board* goedgekeur as AERP vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.



Glossarium van Omskrewe Terme

Die Glossarium van Omskrewe Terme (die Glossarium) bevat terme soos op 1 April 2014 wat omskryf word in die Standaarde van AERP, die Vertolkings van die Standaarde van AERP en die Lasgewings wat deur die Raad uitgegee is.

Indien daar veelvuldige omskrywings van dieselfde term bestaan, dui die Glossarium al die Standaarde van AERP, die Vertolkings van die Standaarde van AERP en die Lasgewings aan waarin die term verskyn en die omskrywing wat op daardie besondere Standaard van AERP, Vertolking van Standaarde van AERP of Lasgewing van toepassing is.

Verwysings na die Standaarde van AERP is volgens Standaardnommer en sluit die toepaslike paragraafverwysing in. Insgelyks is die verwysing na Vertolkings van Standaarde van AERP en Lasgewings volgens die Vertolkings- of Lasgewingsnommer. So verwys '1.05' gebruikers byvoorbeeld na die Standaard van AERP oor Aanbieding van Finansiële State (AERP 1), paragraaf 05. Verwysings wat tussen hakies uiteengesit word, dui op 'n geringe afwyking in bewoording.

A		
aanbiedings-geldeenheid	Die geldeenheid waarin die finansiële state aangebied word.	4.07, 10.05
aantekeninge	Inligting bykomend by dit wat in die staat van finansiële stand, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, kontantvloeistaat en staat van vergelyking van begrote en werklike bedrae aangebied word. Aantekeninge voorsien verhalende beskrywings of disagregasies van items wat in daardie state openbaar gemaak is en inligting oor items wat nie vir erkenning in daardie state kwalifiseer nie.	1.05
aanvang van die huur	Die datum van die huurooreenkoms of die datum van verbintenis deur die partye tot die hoofbepalings van die huur, watter ook al die vroegste is. Op hierdie datum: (a) word 'n huur as hetsy 'n bedryfs- of bruikhuur geklassifiseer; en (b) in die geval van 'n bruikhuur, word die bedrae bepaal wat by die aanvang van die huurtermyne erken moet word.	13.06
aanvang van die huurtermyn	Die datum van wanneer die huurder daarop geregtig is om sy regte uit te oefen om die gehuurde bate te gebruik. Dit is die datum van die aanvanklike erkenning van die huur (d.w.s. die erkenning van die bates, laste, inkomste en uitgawes, soos toepaslik, wat die gevolg is van die huur).	13.06
aanvanklike direkte koste	Inkrementele koste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die bedinging en reëling van 'n huur, behalwe vir koste soos deur vervaardigers- of handelsverhuurders aangegaan word.	13.06
aanvanklike verkryging	Bates wat voor die datum van aanvaarding van Standaarde van AERP verkry is of bates wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer of in 'n samesmelting verkry is.	D7.05
afgeleide instrument	'n Finansiële instrument of ander kontrak binne die omvang van die Standaard van AERP oor <i>Finansiële Instrumente</i> (kyk paragraaf .02 tot .12 van die	104.13

	<p>Standaard van AERP oor <i>Finansiële Instrumente</i>) met al drie die volgende kenmerke:</p> <p>(a) Die waarde verander in reaksie op die verandering in 'n gespesifiseerde rentekoers, prys van 'n finansiële instrument, kommoditeitsprys, wisselkoers, indeks van pryse of koerse, kredietgradering of kredietindeks, of ander veranderlike, met dien verstande dat in die geval van 'n niefinansiële veranderlike die veranderlike nie kenmerkend van 'n party by die kontrak is nie (soms die 'onderliggende' genoem).</p> <p>(b) Dit vereis geen aanvanklike netto belegging of 'n aanvanklike netto belegging wat kleiner is as wat vereis sou word vir ander tipes kontrakte wat na verwagting 'n soortgelyke reaksie op veranderinge in die markfaktore sou hê nie.</p> <p>(c) Dit word op 'n toekomstige datum vereffen.</p>	
afgeleide verpligting	<p>'n Verpligting wat ontstaan uit 'n entiteit se handeling indien:</p> <p>(a) deur 'n vasgestelde patroon van vorige praktyk, gepubliseerde beleide of 'n toereikend spesifieke huidige verklaring, die entiteit aan ander partye te kenne gegee het dat hy sekere verantwoordelikhede sal aanvaar; en</p> <p>(b) die entiteit gevolglik 'n geldige verwagting aan die kant van sodanige ander partye geskep het dat hy daardie verantwoordelikhede sal nakom.</p>	19.17, 25.08
afskryfbare bedrag	Die kosprys van 'n bate, of 'n ander bedrag wat die kosprys vervang, minus die reswaarde daarvan.	17.06
afsonderlike finansiële state	Finansiële state wat deur 'n beherende entiteit, 'n belegger in 'n geassosieerde of 'n ondernemer in 'n gesamentlik beheerde entiteit aangebied word, waarin die beleggings in rekening gebring word op die grondslag van die regstreekse netto baterente eerder as op die grondslag van die gerapporteerde resultate en netto bates van die beleggingnemers.	6.06, 7.06, 8.07
agterstallig	'n Finansiële bate is agterstallig indien 'n teenparty versuim het om 'n betaling te maak wanneer dit kontraktueel verskuldig is.	104.13
aktiewe mark	'n Mark waarin al die volgende toestande bestaan:	(21.09),

	<p>(a) die items wat op die mark verhandel word, is homogeen;</p> <p>(b) gewillige kopers en verkopers kan gewoonlik op enige tydstip gevind word; en</p> <p>(c) pryse is aan die publiek beskikbaar.</p>	(26.10), 31.11
aktuariële winste en verliese	<p>Winste en verliese wat uit die volgende bestaan:</p> <p>(a) ervaringsaansuiwerings (die uitwerking van verskille tussen die vorige aktuariële aannames en wat werklik gebeur het); en</p> <p>(b) die uitwerking van veranderinge in aktuariële aannames.</p>	25.08
amortisasie	Die sistematiese toedeling van die depreseerbare bedrag van 'n ontasbare bate oor die nutsduur daarvan.	(21.09), (26.10), 31.11
ander langtermyn-werknemers-voordele	Werknemersvoordele (buiten na-aftreevoordele en diensbeëindigingsvoordele) wat nie verskuldig is vir vereffening binne twaalf maande ná die einde van die tydperk waarin die werknemers die verbandhoudende diens lewer nie.	25.08
ander prysrisiko	Die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument sal fluktrueer as gevolg van veranderinge in markpryse (buiten dié wat ontstaan uit rentekoersrisiko of valutarisiko), ongeag of daardie veranderinge veroorsaak word deur faktore wat eie aan die individuele finansiële instrument of die uitgewer daarvan is, of faktore wat alle soortgelyke finansiële instrumente raak wat op die mark verhandel word.	104.13
B		
bateklas (eiendom, aanleg en toerusting)	'n Groep bates met 'n soortgelyke aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede, wat as 'n enkele item vir die doel van openbaarmaking in die finansiële state aangetoon word.	17.06
bates	Hulpbronne wat deur 'n entiteit as gevolg van gebeure in die verlede beheer word en waaruit toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal verwag word om na die entiteit te vloei.	1.05, 6.06, 7.06, 8.07, 103.04
bates gehou deur 'n	Bates (buiten nie-oordraagbare finansiële instrumente	25.08

langtermyn-werknemers-voordeelfonds	wat deur die verslagdoenende entiteit uitgegee is) wat: (a) deur 'n entiteit ('n fonds) gehou word wat wetlik afsonderlik van die verslagdoenende entiteit is en alleenlik bestaan om werknemersvoordele te betaal of te befonds; en (b) beskikbaar is om gebruik te word slegs om werknemersvoordele te betaal of te befonds, nie vir die verslagdoenende entiteit se eie krediteure beskikbaar is nie (selfs in likwidasië) en nie na die verslagdoenende entiteit kan teruggaan nie, tensy hetsy: (i) die oorblywende bates van die fonds toereikend is om al die verbandhoudende werknemersvoordeelverpligtinge van die plan of die verslagdoenende entiteit na te kom; of (ii) die bates na die verslagdoenende entiteit teruggaan om hom te vergoed vir werknemersvoordele wat reeds betaal is.	
bedryfsaktiwiteite	Die aktiwiteite van die entiteit wat nie beleggings- of finansieringsaktiwiteite is nie.	2.07
bedryfshuur	'n Huur wat nie 'n bruikhuur is nie.	13.06
beduidende invloed	Die vermoë om aan die finansiële en bedryfsbeleidbesluite van 'n aktiwiteit deel te neem, maar is nie beheer of gesamentlike beheer oor daardie beleide nie.	(6.06), (7.06), 8.07, (20.10)
begrotings-grondslag	Die toevallings-, kontant- of ander grondslag van rekeningkunde wat aanvaar is in die begroting wat deur die wetgewende liggaam goedgekeur is.	24.06
beheer	Die vermoë om die finansiële en bedryfsbeleide van 'n ander entiteit korporatief te bestuur ten einde voordeel uit die bedrywighede daarvan te trek.	6.06, 7.06, 8.07, (20.10), 105.09, 106.10, 107.06
beheerde entiteit	'n Entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, wat deur 'n ander entiteit (bekend as die beherende entiteit) beheer word.	(6.06), 7.06, 8.07
beheer van 'n bate	Beheer van 'n bate ontstaan wanneer die entiteit in die nastrewing van sy oogmerke die bate kan gebruik of	23.05

	andersins voordeel uit die bate kan trek en die toegang van andere tot daardie bate kan uitsluit of andersins reguleer.	
beherende entiteit	'n Entiteit wat een of meer beheerde entiteite het.	6.06, 7.06, 8.07
belasbare gebeurtenis	'n Gebeurtenis wat die regering, wetgewer of ander owerheid bepaal het aan belasting onderhewig sal wees.	23.05
belastings	Ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat verpligtend betaal word deur of betaalbaar is aan entiteite ooreenkomstig wette en/of regulasies wat tot stand gebring is om inkomste aan die regering te voorsien. Belastings sluit nie boetes of ander strawwe in wat vir oortredings van die wet opgelê word nie.	23.05
belastinguitgawes	Voorkeurbepalings van die belastingwet wat aan sekere belastingpligtiges toegewings verleen wat nie vir andere beskikbaar is nie.	23.05
belegger (in 'n gesamentlike onderneming)	'n Party by 'n gesamentlike onderneming wat nie gesamentlike beheer oor daardie gesamentlike onderneming het nie.	8.07
beleggings-aktiwiteite	Die verkryging en vervreemding van langtermynbates en ander beleggings wat nie by kontantekwivalente ingesluit is nie.	2.07
beleggingseiendom	Eiendom (grond of 'n gebou – of deel van 'n gebou – of beide) wat (deur die eienaar of deur die verhuurder ingevolge 'n bruikhuur) gehou word om huurgeld te verdien óf vir kapitaalappresiasie, óf albei, eerder as vir: (a) gebruik in die produksie of voorsiening van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes; of (b) verkoop in die gewone gang van bedrywighede.	16.05
beperkings op oorgedraagde bates	Bepalings wat die doeleindes waarvoor 'n oorgedraagde bate gebruik mag word, beperk of bepaal, maar wat nie spesifiseer dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal nodig is om na die oordraggewer terug te gaan indien dit nie aangewend word soos gespesifiseer nie.	23.05
bestuur	Daardie persone wat verantwoordelik is vir die	1.05, 6.06,

	beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.	7.06, 104.03, 18.05, 19.17, 20.10, 21.09, 26.10
beswarende kontrak	'n Kontrak vir die uitruiling van bates of dienste waarin die onvermydelike koste van voldoening aan die verpligtinge ooreenkomstig die kontrak die ekonomiese voordele of dienspotensiaal oorskry wat na verwagting ingevolge daarvan ontvang sal word.	19.17
bewilliging	'n Magtiging verleen deur die Parlement, die wetgewers, munisipale rade of ander toepaslike owerheid wat die begroting goedkeur om fondse toe te wys vir doeleindes wat deur die toepaslike owerheid gespesifiseer word.	24.06
billike waarde	Die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.	4.07, 6.06, 7.06, 9.12, 12.07, 13.06, 16.05, 17.06, 103.04, (104.13), 106.10
billike waarde minus koste om te verkoop	Die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate in 'n armlengtetransaksie tussen kundige, gewillige partye, minus die koste van vervreemding.	21.09, 26.10
biologiese bate	'n Lewende dier of plant.	27.07
biologiese transformasie	Die prosesse van groei, degenerasie, produksie en voortplanting wat kwalitatiewe of kwantitatiewe veranderinge in 'n biologiese bate teweeg bring.	27.07
boetes	Ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur entiteite ontvang is of ontvang moet word, soos bepaal deur 'n hof of ander regstoepassingsinstansie, as gevolg van die oortreding van wette of regulasies.	23.05
bruikhuur	'n Huur wat al die risiko's en belonings wat met eienaarskap van 'n bate gepaard gaan weselik oordra. Die titel kan uiteindelik oorgedra word, of nie.	13.06

bruto belegging in die huur	Die totaal van: (a) die minimum huurbetalings ontvangbaar deur 'n verhuurder ingevolge 'n bruikhuur; en (b) enige ongewaarborgde reswaarde wat die verhuurder toeval.	13.06
buitelandse onderneming	'n Entiteit wat 'n beheerde entiteit, geassosieerde, gesamentlike onderneming of tak van 'n verslagdoenende entiteit is en waarvan die aktiwiteite in 'n ander land of geldeenheid as dié van die verslagdoenende entiteit gebaseer is of uitgevoer word.	4.07
buitelandse valuta	'n Geldeenheid buiten die funksionele geldeenheid van die entiteit.	4.07
bydraes van eienaars	Toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat bygedra is tot die entiteit deur partye buite die entiteit, buiten dié wat laste van die entiteit tot gevolg het, wat 'n finansiële belang in die netto bates van die entiteit vestig, en wat: (a) geregtigheid op uitkerings van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur die entiteit gedurende sy leeftyd oordra, en sodanige uitkerings is na die goeddunke van die eienaars of hul verteenwoordigers, en op uitkerings van enige oorskot van bates bo laste in die geval waar die entiteit gelikwieder word; en/of (b) verkoop, geruil, oorgedra of afgelos kan word.	1.05, 6.06, 7.06, 8.07
D		
diensbeëindigingsvoordele	Werknemersvoordele wat betaalbaar is as gevolg van hetsy: (a) 'n entiteit se besluit om 'n werknemer se diens voor die normale aftreedatum te beëindig; of (b) 'n werknemer se besluit om vrywillige oortolligheid in ruil vir sodanige voordele te aanvaar.	25.08
dienskonsessiereëling	'n Kontraktuele reëling tussen 'n verlener en 'n operateur waarin: (a) die operateur die dienskonsessiebate gebruik om	32.06

	'n gemandateerde funksie vir 'n gespesifiseerde tydperk namens die verlener te voorsien; en (b) die operateur vir sy dienste oor die tydperk van die dienskonsessiereëling vergoed word.	
dienskonsessiebate	'n Bate wat gebruik word om 'n gemandateerde funksie in 'n dienskonsessiereëling te voorsien wat: (a) voorsien word deur die operateur wat: (i) die operateur bou, ontwikkel of van 'n derde party verkry; of (ii) 'n bestaande bate van die operateur is; of (b) voorsien word deur die verlener wat: (i) 'n bestaande bate van die verlener is; of (ii) 'n opgradering van 'n bestaande bate van die verlener is.	32.06
drabedrag	Die bedrag waarteen 'n bate in die staat van finansiële stand erken word.	108.05
drabedrag (van beleggings-eiendom)	Die bedrag waarteen 'n beleggingseiendom in die staat van finansiële stand erken word.	16.05
drabedrag (van eiendom, aanleg en toerusting)	Die bedrag waarteen 'n bate ná aftrekking van enige opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese erken word.	17.06
drabedrag (van 'n bate)	Die bedrag waarteen 'n bate in die staat van finansiële stand erken word ná aftrekking van enige opgehoopte waardevermindering en opgehoopte waardedalingsverliese daarop.	10.05, 21.09, 26.10
drabedrag van 'n bate en 'n las	Die bedrag waarteen 'n bate of las in die staat van finansiële stand erken word.	105.09, 107.06
drabedrag (van 'n erfenisbate)	Die bedrag waarteen 'n erfenisbate erken word ná aftrekking van opgehoopte waardedalingsverliese.	103.04
drabedrag (van 'n las)	Die bedrag waarteen 'n las in die staat van finansiële stand erken word.	10.05,
E		
effektiewerente-	'n Metode vir die berekening van die geamortiseerde	104.13

koersmetode	<p>koste van 'n finansiële bate of 'n finansiële las (of groep finansiële bates of finansiële laste) en van toedeling van die rente-inkomste of rente-uitgawes oor die toepaslike tydperk. Die effektiewe rentekoers is die koers wat presies die geraamde toekomstige kontantbetalings of -ontvangste oor die gebruiksduur van die finansiële instrument of, indien toepaslik, 'n korter tydperk, tot die netto drabedrag van die finansiële bate of finansiële las sal verdiskonteer. Wanneer die effektiewe rentekoers bereken word, moet 'n entiteit kontantvloei raam met inagneming van alle kontraktuele bepalinge van die finansiële instrument (byvoorbeeld, voorafbetaling, koop- en soortgelyke opsies) maar moet hy nie toekomstige kredietverliese in aanmerking neem nie. Die berekening sluit in alle gelde en punte wat tussen partye by die kontrak betaal of ontvang is en wat 'n geïntegreerde deel van die effektiewe rentekoers is (kyk die Standaard oor AERP oor <i>Inkomste uit Uitruiltransaksies</i>), transaksiekoste en alle ander premies of diskonto's. Daar is 'n veronderstelling dat die kontantvloei en die verwagte gebruiksduur van 'n groep soortgelyke finansiële instrumente betroubaar geraam kan word. In daardie uitsonderlike gevalle waar dit nie moontlik is om die kontantvloei of die verwagte gebruiksduur van 'n finansiële instrument (of groep finansiële instrumente) betroubaar te raam nie, moet die entiteit die kontraktuele kontantvloei van die finansiële instrument (of groep finansiële instrumente) oor die volle kontraktermyn gebruik.</p>	
eienaar-geokkupeerde eiendom	<p>Eiendom wat (deur die eienaar of deur die huurder ooreenkomstig 'n bruikhuur) vir gebruik in die produksie of voorsiening van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes gehou word.</p>	16.05
eienaars	<p>Sluit houers van oorblywende belange in.</p>	106.10
eiendom, aanleg en toerusting	<p>Tasbare items wat:</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) vir gebruik in die produksie of voorsiening van goedere of dienste, vir verhuring aan andere of vir administratiewe doeleindes gehou word; en (b) na verwagting gedurende meer as een verslagdoeningstydperk gebruik sal word. 	17.06
ekonomiese entiteit	<p>'n Groep entiteite wat 'n beherende entiteit en een of</p>	1.05, 4.07,

	meer beheerde entiteite behels.	6.06, 7.06, 8.07
ekonomiese nutsduur	Óf: (a) die tydperk waaroor 'n bate na verwagting ekonomiese voordele of dienspotensiaal aan een of meer gebruikers sal oplewer; óf (b) die getal produksie- of soortgelyke eenhede wat na verwagting deur een of meer gebruikers uit die bate verkry sal word.	13.06
ekwiteitsinstrument	'n Kontrak wat bewys is van 'n residuele belang in die bates van 'n entiteit ná aftrekking van al sy laste.	6.06
ekwiteitsmetode	'n Metode van rekeningkunde waardeur 'n belegging aanvanklik teen kosprys erken word en daarna vir die naverkrygingsverandering in die belegger se deel van netto bates van die beleggingnemer aangesuiwer word. Die surplus of tekort van die belegger sluit die belegger se deel van die surplus of tekort van die beleggingnemer in.	7.06, (8.07)
entiteitspesifieke waarde	Die huidige waarde van dienspotensiaal van die voordele wat 'n entiteit verwag sal voortvloei uit die voortgesette gebruik van 'n bate en uit die vervreemding daarvan aan die einde van die nutsduur daarvan of wat hy verwag om aan te gaan wanneer hy 'n las vereffen.	17.06
erfenisbateklas	'n Groep erfenisbates met 'n soortgelyke aard of funksie in 'n entiteit se bedrywighede wat as 'n enkele item vir die doel van openbaarmaking in die finansiële state aangetoon word.	103.04
erfenisbates	Bates wat 'n kulturele, omgewings-, historiese, natuurlike, wetenskaplike, tegnologiese of artistieke betekenis het en onbepaald tot die voordeel van huidige en toekomstige geslagte gehou word.	103.04
F		
finale begroting	Die goedgekeurde begroting, aangesuiwer vir oordragte, toedelings, aanvullende toewysings en ander veranderinge wat op die begrotingstydperk van toepassing is.	24.06
finansiële bate	(a) kontant;	104.13

	<p>(b) 'n residuele belang van 'n ander entiteit; of</p> <p>(c) 'n kontraktuele reg om:</p> <p>(i) kontant of 'n ander finansiële bate van 'n ander entiteit te ontvang; of</p> <p>(ii) finansiële bates of finansiële laste met 'n ander entiteit te verruil op voorwaardes wat potensieel gunstig vir die entiteit is.</p>	
finansiële instrument	Enige kontrak wat aanleiding gee tot 'n finansiële bate van een entiteit en 'n finansiële las of 'n oorblywende belang van 'n ander entiteit.	104.13
finansiële instrumente teen billike waarde	<p>Finansiële bates of finansiële laste wat:</p> <p>(a) afgeleide instrumente is;</p> <p>(b) gekombineerde instrumente is wat teen billike waarde aangewys is ooreenkomstig paragraaf .20 of .21 van die Standaard van AERP oor <i>Finansiële Instrumente</i>;</p> <p>(c) instrumente is wat vir verhandeling gehou word. 'n Finansiële instrument word vir verhandeling gehou indien:</p> <p>(i) dit verkry of aangegaan word hoofsaaklik met die doel om dit in die nabye toekoms te verkoop of terug te koop; of</p> <p>(ii) dit by aanvanklike erkenning deel is van 'n portefeulje van geïdentifiseerde finansiële instrumente wat gesamentlik bestuur word en waarvoor daar bewys is van 'n onlangse werklike patroon van korttermynwinsneming;</p> <p>(d) nie-afgeleide finansiële bates of finansiële laste is met vaste of bepaalbare betalings wat teen billike waarde by aanvanklike erkenning aangewys is ooreenkomstig paragraaf .17 van die Standaard van AERP oor <i>Finansiële Instrumente</i>; en</p> <p>(e) finansiële instrumente is wat nie aan die omskrywing van finansiële instrumente teen geamortiseerde koste of finansiële instrumente teen kosprys voldoen nie.</p>	104.14
finansiële instrumente teen	Nie-afgeleide finansiële bates of nie-afgeleide finansiële laste wat vaste of bepaalbare betalings het,	104.14

geamortiseerde koste	buiten dié instrumente wat: (a) die entiteit aanwys teen billike waarde by aanvanklike erkenning ooreenkomstig paragraaf .17 van die Standaard van AERP oor <i>Finansiële Instrumente</i> ; of (b) vir verhandeling gehou word.	
finansiële instrument teen kosprys	Beleggings in oorblywende belange wat nie 'n gekwoteerde markprys in 'n aktiewe mark het nie en waarvan die billike waarde nie betroubaar gemeet kan word nie.	104.14
finansiële las	Enige las wat 'n kontraktuele verpligting is om: (a) kontant of 'n ander finansiële bate aan 'n ander entiteit te lewer; of (b) finansiële bates of finansiële laste uit te ruil ingevolge voorwaardes wat potensieel ongunstig vir die entiteit is.	104.13
finansiëlewaarborg-kontrak	'n Kontrak wat van die uitreiker vereis om gespesifiseerde betalings te maak om die houer te vergoed vir 'n verlies wat hy aangaan as gevolg van 'n gespesifiseerde debiteur wat versuim om betalings te maak wanneer dit verskuldig is ooreenkomstig die oorspronklike of gemodifiseerde bepaling van 'n skuldinstrument.	19.17, 104.13
finansierings-aktiwiteit	Aktiwiteite wat veranderinge in die grootte en samestelling van die bygedraagde kapitaal en lenings van die entiteit tot gevolg het.	2.07
foute in vorige tydperk	Weglatings uit, en wanvoorstellings in, die entiteit se finansiële state vir een of meer vorige tydperke, voortspruitend uit 'n versuim om betroubare inligting te gebruik, of misbruik van betroubare inligting, wat: (a) beskikbaar was toe finansiële state vir daardie tydperke vir gebruik gemagtig is; en (b) redelikerwys verwag kon word om verkry te kon gewees het en in die opstel en aanbieding van daardie finansiële state in aanmerking kon geneem gewees het. Sodanige foute sluit die uitwerking in van wiskundige foute, foute in die toepassing van rekeningkundige beleide, oorsigte of wanvoorstellings van feite, en bedrog.	3.04

funksie	'n Geïntegreerde stel aktiwiteite wat in staat is om uitgevoer en bestuur te word vir die doeleindes van bereiking van 'n entiteit se doelstellings, deur hetsy ekonomiese voordele of dienspotensiaal te voorsien.	105.09, 106.10
funksionele geldeenheid	Die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedrywig is.	4.07, 10.05
G		
geamortiseerde koste van 'n finansiële bate of finansiële las	Geamortiseerde koste is die bedrag waarteen 'n finansiële bate of finansiële las by aanvanklike erkenning gemeet word, minus hoofsomterugbetalings, plus of minus die kumulatiewe amortisasie met gebruik van die effektiwerentememete of enige verskil tussen daardie aanvanklike bedrag en die vervalbedrag, en minus enige vermindering (regstreeks of onregstreeks deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening) vir waardedaling of oninvorderbaarheid.	104.13
geassosieerde	'n Entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, waarin die belegger beduidende invloed het en wat nóg 'n beheerde entiteit nóg 'n belang in 'n gesamentlike onderneming is.	(6.06), (7.06), 8.07
gebeure ná die verslagdoeningsdatum	Daardie gebeure, gunstig sowel as ongunstig, wat plaasvind tussen die verslagdoeningsdatum en die datum wanneer die finansiële state vir uitreiking gemagtig word. Twee tipes gebeure kan geïdentifiseer word: (a) dié wat bewys lewer van toestande wat op die verslagdoeningsdatum bestaan het (aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum), en (b) dié wat bewys lewer van toestande wat ná die verslagdoeningsdatum ontstaan het (nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum).	14.03
gekombineerde entiteit	'n Nuwe entiteit wat deur die kombinasie van twee of meer entiteite gevorm is.	107.06
gekonsolideerde	Die finansiële state van 'n ekonomiese entiteit wat as	6.06, 7.06,

finansiële state	dié van 'n enkele entiteit aangebied word.	8.07
gemandateerde funksie	Behels die lewering van 'n openbare diens deur 'n operateur namens 'n verlener wat binne die verlener se mandaat val.	32.06
geoordeelde koste	'n Plaasvervangingswaarde vir die kosprys of billike waarde van 'n bate by die aanvanklike verkryging daarvan, en dit word bepaal deur verwysing na die billike waarde van die bate op die datum van aanvaarding van die Standaard van AERP of op die oordragdatum of die samesmeltingsdatum (metingsdatum).	D7.05
gesamentlike beheer	Die ooreengekome deling van beheer oor 'n aktiwiteit deur 'n bindende reëling wat slegs bestaan indien die strategiese finansiële en bedryfsbesluite met betrekking tot die aktiwiteit die eenparige instemming vereis van die partye wat beheer deel (die ondernemers).	(6.06), 7.06, (8.07), (20.10)
gesamentlike onderneming	'n Bindende reëling waardeur twee of meer partye daartoe verbind word om 'n aktiwiteit te onderneem wat aan gesamentlike beheer onderworpe is.	6.06, 8.07
gestaakte bedrywigheid	'n Komponent van 'n entiteit wat hetsy vervreemd is en: (a) 'n onderskeibare aktiwiteit, groep aktiwiteite of geografiese gebied van bedrywigheid verteenwoordig; (b) deel is van 'n enkele gekoördineerde plan om 'n onderskeibare aktiwiteit, groep aktiwiteite of geografiese gebied van bedrywigheede te vervreem; óf (c) 'n beheerde entiteit is wat eksklusief met die oog op herverkoop verkry is.	100.03
gevestigde werknemersvoordele	Werknemersvoordele wat nie van toekomstige diens afhanklik is nie.	25.08
gewaarborgde reswaarde	(a) vir 'n huurder, daardie deel van die reswaarde wat deur die huurder of deur 'n party verwant aan die huurder (die bedrag van die waarborg is die maksimum bedrag wat in elk geval betaalbaar kon word); en	13.06

	(b) vir 'n verhuurder, daardie deel van die reswaarde wat gewaarborg word deur die huurder of deur 'n derde party onverwant aan die huurder wat finansiëel in staat is om die verpligtinge ooreenkomstig die waarborg te vereffen.	
goedgekeurde begroting	Die uitgewemagtiging afkomstig van wette, begrotingswetsontwerpe, regulasies en ander besluite wat met die verwagte inkomste of ontvangste vir die begrotingstydperk verband hou.	24.06
groep biologiese bates	'n Versameling van soortgelyke lewende diere of plante.	27.07
H		
herstrukturering	'n Program wat beplan en beheer word deur bestuur en wesentliche verandering aanbring aan hetsy: (a) die omvang van 'n entiteit se aktiwiteite; of (b) die wyse waarop daardie aktiwiteite uitgevoer word.	19.17
huidigedienskosse	Die styging in die huidige waarde van die omskrewesvoordeelverpligting wat ontstaan uit werknemersdiens gedurende die huidige tydperk.	25.08
huidige kosse	Die kosse wat die entiteit sou aangaan om die bate op die verslagdoeningsdatum te verkry.	12.07
huidige waarde van 'n omskrewesvoordeelverpligting	Die huidige waarde, sonder aftrekking van enige planbates, van verwagte toekomstige betalings wat vereis word om die verpligting te vereffen wat uit werknemersdiens in die huidige en vorige tydperke voortspruit.	25.08
huur	'n Ooreenkoms waardeur die verhuurder aan die huurder in ruil vir 'n betaling of reeks betalings vir 'n ooreengekome tydperk die reg op gebruik van 'n bate oordra.	13.06
huurder se inkrementele leenrentekoers	Die rentekoers wat die huurder sou moes betaal vir 'n soortgelyke huur of, indien dit nie vasgestel kan word nie, die koers wat die huurder, by aanvang van die huur, sou oploop om oor 'n soortgelyke tydperk, en met soortgelyke sekuriteit, die fondse te leen wat	13.06

	nodig is om die bate aan te koop.	
huurtermyn	Die niekanselleerbare tydperk waarvoor die huurder gekontrakteer het om die bate te huur, tesame met enige verdere termyne waarvoor die huurder die opsie het om voort te gaan om die bate huur, met of sonder verdere betaling, indien dit by die aanvang van die huur redelik seker is dat die huurder die opsie sal uitoefen.	13.06
I		
identifiseerbare bate	'n Bate is identifiseerbaar indien dit hetsy: (a) skeibaar is, d.w.s. in staat is om geskei of afgedeel te word van die entiteit en, hetsy individueel of tesame met 'n verbandhoudende kontrak, bate of las, verkoop, oorgedra, gelisensieer, verhuur of uitgeruil kan word; of (b) ontstaan uit kontraktuele regte (met inbegrip van regte voortspruitend uit bindende ooreenkomste) of ander wetlike regte (buiten regte wat by wet toegestaan word), ongeag of daardie regte oordraagbaar of skeibaar van die entiteit of van ander regte en verpligtinge is.	106.10
inkomste	Die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer daardie invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, buiten toenames wat met bydraes van eienaars verband hou.	1.05, 6.06, 7.06, 8.07, 9.12
J		
jaarlikse begroting	'n Goedgekeurde begroting vir een jaar. Dit sluit nie gepubliseerde vooruitramings of projeksies vir tydperke ná die begrotingstydperk in nie.	24.06
K		
kombinerende entiteite	Die entiteite wat in 'n samesmelting gekombineer word vir die onderlinge deling van risiko's en voordele.	107.06
komponent van 'n entiteit	Die bedrywighede en kontantvloei wat duidelik, bedryfsgewys en vir verslagdoeningsdoeleindes, van die res van die entiteit onderskei kan word.	komponent van 'n entiteit

konstruksiekontrak	'n Kontrak, of 'n soortgelyke bindende reëling, wat spesifiek beding is vir die konstruksie van 'n bate of 'n kombinasie van bates wat nou onderling verwant of onderling afhanklik is ten opsigte van die ontwerp, tegnologie en funksie daarvan, of die uiteindelijke doel of gebruik daarvan.	11.07
kontant	Kontant voorhande en opvraagbare deposito's.	2.07, 6.06, 8.07, 10.05
kontantekwivalente	Hoogs likiede korttermynbeleggings wat gereedlik omskepbaar is in bekende bedrae kontant en wat aan 'n onbeduidende risiko van veranderings in waarde onderworpe is.	2.07
kontant-genererende bates	Bates wat gehou word met die primêre doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer.	100.03, 21.09, 26.10
kontant-genererende eenheid	Die kleinste identifiseerbare groep bates wat gehou word met die primêre oogmerk om 'n kommersiële opbrengs te genereer wat kontantinvloei genereer deur voortgesette gebruik wat hoofsaaklik onafhanklik van die kontantinvloei vanaf ander bates of groepe bates is.	100.03, 21.09, 26.10
kontantgrondslag	'n Grondslag van rekeningkunde wat transaksies en ander gebeure erken slegs wanneer kontant ontvang of betaal word.	24.06
kontantvloei	Invloei en uitvloei van kontant en kontantekwivalente.	2.07
kontrakte in uitvoering	Kontrakte ingevolge waarvan geeneen van die partye hul verpligtinge nagekom het nie, of albei partye hul verpligtinge in 'n gelyke mate gedeeltelik nagekom het.	19.17
kontraakteur	'n Entiteit wat konstruksiewerk ingevolge 'n konstruksiekontrak uitvoer.	11.07
korttermyn-werknemersvoordele	Werknemersvoordele (buiten diensbeëindigingsvoordele) wat verskuldig is vir vereffening binne twaalf maande ná die einde van die tydperk waarin die werknemers die verbandhoudende diens lewer.	25.08
kosprysmetode	'n Metode vir die in rekening bring van 'n belegging waardeur die belegging teen kosprys erken word. Die belegger erken inkomste uit die belegging slegs in die mate dat die belegger daarop geregtig is om	6.06, (7.06)

	uitkerings van opgehoopte surplusse van die beleggingnemer te ontvang wat ná die datum van verkryging ontstaan. Geregtighede wat ontvangbaar of ontvang is en meer is as sodanige surplusse word as 'n verhaling van belegging beskou en word as 'n vermindering van die koste van die belegging erken.	
kosprysmetode (vir statutêre debiteure)	'n Metode wat gevolg word om statutêre debiteure te verreken wat vereis dat sodanige debiteure teen hul transaksiebedrag gemeet word, plus enige opgeloopte rente of ander koste (indien toepaslik), en minus enige opgehoopte waardedalingsverliese en enige bedrae wat onterken is.	108.05
kosprysplus- of kosprys-gebaseerde kontrak	'n Konstruksiekontrak waarin die kontrakteur vergoed word vir toelaatbare of andersins omskrewre koste en, in die geval van 'n kommersieel gebaseerde kontrak, 'n bykomende persentasie van hierdie koste of 'n vaste tarief, indien daar is.	11.07
koste	Die bedrag aan kontant of kontantekwivalente wat betaal is of die billike waarde van die ander teenprestasie wat gegee is om 'n bate te verkry op die tydstip van die verkryging of konstruksie daarvan.	16.05, 17.06
koste om te verkoop (in 'n landbouaktiwiteit)	Die inkrementele koste wat regstreeks aan die vervreemding van 'n bate toegeskryf kan word, buiten finansieringskoste en inkomstebelasting. Vervreemding kan plaasvind deur verkoop of deur gratis verspreiding, of teen 'n nominale koste.	27.07
koste (van 'n erfenisbate)	Die bedrag aan kontant of kontantekwivalente wat betaal is of die billike waarde van die ander teenprestasie wat gegee is om 'n erfenisbate te verkry op die tydstip van die verkryging of konstruksie daarvan of, indien toepaslik, die bedrag wat toegeskryf word aan daardie erfenisbate wanneer dit aanvanklik ooreenkomstig die spesifieke vereistes van ander Standaarde van AERP erken word.	103.04
kredietrisiko	Die risiko dat een party by 'n finansiële instrument 'n finansiële verlies vir die ander party sal veroorsaak deur te versuim om 'n verpligting na te kom.	104.13
kwalifiserende bate	'n Bate wat noodwendig 'n aansienlike tydperk neem om gereed te kry vir die beoogde gebruik of verkoop daarvan.	5.04

kwalifiserende versekeringspolis	<p>'n Versekeringspolis* uitgegee deur 'n versekeraar wat nie 'n verwante party (soos omskryf in die Standaard van AERP oor <i>Openbaarmakings oor Verwante Partye</i>) van die verslagdoenende entiteit is nie, indien die opbrengs van die polis:</p> <p>(a) slegs gebruik kan word om werknemersvoordele ooreenkomstig 'n omskrewewoordeelplan te betaal of te befonds; en</p> <p>(b) nie beskikbaar is vir die verslagdoenende entiteit se eie krediteure nie (selfs in likwidasie) en nie aan die verslagdoenende identiteit betaal kan word nie, tensy hetsy:</p> <p>(i) die opbrengs surplusbates verteenwoordig wat nie nodig is vir die polis om al die verbandhoudende werknemersvoordeelverpligtinge na te kom nie; óf</p> <p>(ii) die opbrengs aan die verslagdoenende entiteit terugbetaal word om hom te vergoed vir werknemersvoordele wat reeds betaal is.</p>	25.08
L		
landbouaktiwiteit	<p>Die bestuur deur 'n entiteit van die biologiese transformasie en oes van biologiese bates vir:</p> <p>(a) verkoop;</p> <p>(b) verspreiding teen geen koste nie of teen 'n nominale koste; of</p> <p>(c) omskepping in landbouprodukte of in bykomende biologiese bates vir verkoop of verspreiding teen geen koste nie, of teen 'n nominale koste.</p>	27.07
landbouprodukt	<p>Die geeste produk van die entiteit se biologiese bates.</p>	27.07
laste	<p>Huidige verpligtinge van die entiteit voortspruitend uit vorige gebeure, waarvan die aflossing na verwagting 'n uitvloei uit die entiteit tot gevolg sal hê van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels.</p>	1.05, 6.06, 7.06, 8.07, 19.17

* 'n Kwalifiserende polis is nie noodwendig 'n versekeringskontrak nie (kyk die International Financial Reporting Standard oor *Insurance Contracts*).

leenkoste	Rente en ander uitgawes wat deur 'n entiteit in verband met die leen van fondse aangegaan word.	5.04
leningsverbintenis	'n Vaste verbintenis om krediet volgens vooraf gespesifiseerde bepalings en voorwaardes te voorsien.	19.17, 04.13
lenings betaalbaar	Finansiële laste, buiten korttermynkrediteure volgens normale kredietbepalings.	104.13
likiditeitsrisiko	Die risiko wat 'n entiteit loop in die geval van probleme om verpligtinge na te kom wat met finansiële laste gepaard gaan en vereffen word deur kontant of 'n ander finansiële bate te lewer.	104.13
lokowisselkoers	Die wisselkoers vir onmiddellike lewering.	4.07
M		
markrisiko	Die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantgroei van 'n finansiële instrument as gevolg van veranderinge in markpryse sal fluktrueer. Markrisiko bestaan uit drie tipes risiko: valutarisiko, rentekoersrisiko en ander prysrisiko.	104.13
metingsdatum	Hetsy (a) die datum waarop 'n entiteit die Standaard van AERP aanvaar en wat die begin is van die vroegste tydperk waarvoor 'n entiteit volledige vergelykende inligting aanbied, in sy eerste finansiële state wat met gebruik van Standaard van AERP opgestel is, of (b) die oordragdatum of die samesmeltingsdatum.	D7.05
minderheidsbelang	Daardie gedeelte van die surplus of tekort en netto bates van 'n beheerde entiteit toeskryfbaar aan netto batebelange wat nie, hetsy regstreeks of onregstreeks deur middel van beheerde entiteite, deur die beherende entiteit besit word nie.	6.06
minimum huurbetaling	Die paaielemente wat van die huurder vereis word of kan vereis word om oor die huurtermyn te betaal, buiten voorwaardelike huur, koste vir dienste en, indien toepaslik, belastings wat betaal moet word deur en vergoed moet word aan die verhuurder, tesame met: (a) vir 'n huurder, enige bedrae wat deur die huurder of deur 'n party verwant aan die	13.06

	<p>huurder gewaarborg word; of</p> <p>(b) vir 'n verhuurder, enige reswaarde wat aan die verhuurder gewaarborg word deur:</p> <p>(i) die huurder;</p> <p>(ii) 'n party verwant aan die huurder; of</p> <p>(iii) 'n derde party wat nie aan die verhuurder verwant is nie wat finansiëel in staat is om die verpligtinge ingevolge die waarborg na te kom.</p> <p>Indien die huurder egter 'n opsie het om die bate te koop teen 'n prys wat na verwagting genoegsaam laer as billike waarde sal wees op die datum wanneer die opsie uitoefenbaar word sodat dit, by die aanvang van die huur, redelik seker is dat die opsie uitgeoefen sal word, bestaan die minimum huurbetalings uit die minimum betalings wat betaalbaar is oor die huurtermyn tot op die verwagte datum van uitoefening van hierdie koopopsie plus die betaling wat nodig is om dit uit te oefen.</p>	
monetêre items	Geldeenhede wat gehou word en bates en laste wat in 'n vaste of bepaalbare getal geldeenhede ontvang of betaal moet word.	4.07, 10.05
multijaarbegroting	'n Goedgekeurde begroting vir meer as een jaar. Dit sluit nie gepubliseerde vooruitramings of projeksies vir tydperke ná die begrotingstydperk in nie.	24.06
multiwerkne- planne	<p>Omskrewedydraeplanne (buiten staatsplanne en saamgestelde bestaansekerheidsprogramme) of omskreevoordeelplanne (buiten staatsplanne) wat:</p> <p>(a) die bates saampoel wat bygedra word deur verskeie entiteite wat nie onder gemeenskaplike beheer is nie; en</p> <p>(b) daardie bates gebruik om voordele aan werknemers van meer as een entiteit te voorsien, op die grondslag dat bydrae- en voordeelvlakke bepaal word sonder inagneming van die identiteit van die entiteit wat die betrokke werknemers in diens het.</p>	25.08
N		
na-aftreevoordele	Werknemersvoordele (buiten	25.08

	diensbeëindigingsvoordele) wat ná die voltooiing van diens betaalbaar is.	
na-aftreevoordeelplanne	Formele of informele reëlings ingevolge waarvan 'n entiteit na-aftreevoordele aan een of meer werknemers voorsien.	25.08
nabyfamilie van 'n persoon	Daardie familieledede wat na verwagting daardie persoon sal beïnvloed, of deur daardie persoon beïnvloed kan word, in hul transaksies met die entiteit. As 'n minimum word iemand as nabyfamilie van iemand anders beskou indien hulle: (a) getroud is of saambly in 'n verhouding soortgelyk aan 'n huwelik; of (b) deur nie meer as twee grade van natuurlike of wetlike bloedverwantskap of huweliksverwantskap van mekaar geskei is nie.	20.10
navorsing	Oorspronklike en beplande ondersoek wat onderneem word met die oog daarop om nuwe wetenskaplike of tegniese kennis en begrip te verkry.	31.11
netto bates	Die oorblywende belang in die bates van die entiteit ná aftrekking van al sy laste.	1.05, 6.06, 7.06, 8.07
netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid	Die bedrag van die verslagdoenende entiteit se belang in die netto bates van daardie bedrywigheid.	4.07
netto belegging in die huur	Die bruto belegging in die huur, verdiskonteer teen die rentekoers wat implisiet is in die huur.	13.06
netto realiseerbare waarde	Die geraamde verkoopsprys in die gewone gang van sake minus die geraamde koste van voltooiing en die geraamde koste wat nodig is om die verkoop, uitruiling of verspreiding te doen.	12.07
niekanselleerbare huur	'n Huur wat kanselleerbaar is slegs: (a) indien een of ander onwaarskynlike gebeurlikheid sou voorkom; (b) met die toestemming van die verhuurder; (c) indien die huurder 'n nuwe huur vir dieselfde of 'n ekwivalente bate met die dieselfde verhuurder aangaan; of (d) by betaling deur die huurder van sodanige bykomende bedrag dat, by aanvang van die	13.06

	huur, voortsetting van die huur redelik seker is.	
niekontant-genererende bates	Bates buiten kontantgenererende bates.	21.09, 26.10, 100.03
niebeherende belang	Die belang in die netto bates in 'n beheerde entiteit wat nie, regstreeks of onregstreeks, aan 'n beherende entiteit toeskryfbaar is nie.	6.06, 106.10
niemonetêre items	Items wat nie monetêre items is nie.	10.05
nie-uitruiltransaksies	Transaksies wat nie uitruiltransaksies is nie. In 'n nie-uitruiltransaksie ontvang 'n entiteit waarde van 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te gee, of gee hy waarde aan 'n ander entiteit sonder om regstreeks ongeveer gelyke waarde in ruil te ontvang.	1.05, 9.12, 12.07, 16.05, 17.06, 23.05, 31.11
nominale rentekoers	Die rentekoers en/of grondslag wat in wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele gespesifiseer word.	108.05
nutsduur (van 'n bate)	(a) die tydperk waarvoor 'n bate na verwagting vir gebruik deur 'n entiteit beskikbaar sal wees; of (b) die getal produksie- of soortgelyke eenhede wat na verwagting deur 'n entiteit uit die bate verkry sal word.	17.06, (21.09), (26.10)
nutsduur (van 'n gehuurde bate)	Die geraamde oorblywende tydperk, vanaf die aanvang van die huurtermyn sonder beperking deur die huurtermyn, waarvoor die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate vergestalt is, na verwagting deur die entiteit verbruik sal word.	13.06
O		
oes	Die losmaak van 'n produk van 'n biologiese bate of die beëindiging van 'n biologiese bate se lewensprosesse.	27.07
omskrewebydraeplanne	Na-aftreevoordeleplanne ingevolge waarvan 'n entiteit vaste bydraes in 'n afsonderlike entiteit ('n fonds) inbetaal en geen wetlike of afgeleide verpligting sal hê om verdere bydraes te betaal indien die fonds nie toereikende bates hou om alle werknemersvoordele met betrekking tot werknemersdiens in die huidige en	25.08

	vorige tydperke te betaal nie.	
omskrewevoor-deelplanne	Na-aftreevoordeelplanne buiten omskrewevoordeelplanne.	25.08
ondernemer	'n Party by 'n gesamentlike onderneming wat gesamentlike beheer oor daardie gesamentlike onderneming het.	8.07
ongewaarborgde reswaarde	Daardie gedeelte van die reswaarde van die verhuurde bate waarvan die realisering deur die verhuurder nie verseker is nie of uitsluitlik deur 'n party verwant aan die verhuurder gewaarborg word.	13.06
ontasbare bate	'n Identifiseerbare niemonetêre bate wat nie fisies bestaan nie.	31.11
ontekening	Die verwydering van 'n voorheen erkende finansiële bate of finansiële las uit 'n entiteit se staat van finansiële stand.	104.13
ontwikkeling	Die toepassing van navorsingsbevindinge of ander kennis op 'n plan of ontwerp vir die produksie van nuwe of wesenlik verbeterde materiale, toestelle, produkte, prosesse, stelsels of dienste voor die aanvang van produksie of gebruik.	31.11
onverdiende finansierings-inkomste	Die verskil tussen: (a) die bruto belegging in die huur; en (b) die netto belegging in die huur.	13.06
onvervreembare item	'n Bate wat 'n entiteit volgens 'n wetlike of ander vereiste onbepaald moet behou en wat nie sonder toestemming vervreem mag word nie.	103.04
oorblywende belang	Enige kontrak waaruit 'n belang in die bates van 'n entiteit ná aftrekking van al sy laste blyk. 'n Oorblywende belang sluit bydraes van eienaars in, wat getoon kan word as sou dit wees: (a) ekwiteitsinstrumente of soortgelyke vorme van eenhedeverdeelde kapitaal; (b) 'n formele aanduiding van 'n oordrag van hulpbronne (of 'n klas van sodanige oordragte) deur die partye by die transaksie as sou dit deel uitmaak van 'n entiteit se netto bates, hetsy voor die bydrae plaasvind of ten tyde van die bydrae;	104.13, 106.10

	of (c) 'n formele ooreenkoms, met betrekking tot die bydrae, wat 'n bestaande finansiële belang in die netto bates van 'n entiteit daarstel of verhoog.	
oordragdatum	Die datum waarop die verkryger beheer van die funksie verkry en die oordraggewer beheer van daardie funksie verloor.	105.09
oordraggewer	Die entiteit wat beheer oor 'n funksie afstaan..	105.09
oordrag van funksies	Die herorganisasie en/of die hertoewysing van funksies tussen entiteite deur die oordra van funksies tussen entiteite of na 'n ander entiteit.	105.09, 106.10, 107.06
oordragte	Invloei van toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal uit nie-uitruiltransaksies, buiten belastings.	23.05
opbrengs op planbates	Rente, dividende en ander inkomste verkry uit die planbates, tesame met gerealiseerde en ongerealiseerde winste of verliese op die planbates, minus enige koste van die administrasie van die plan (buiten dié wat in die aktuariële aannames ingesluit is wat gebruik is om die omskrewesvoordeelsverpligting te meet), en minus enige belasting wat deur die plan self betaalbaar is.	25.08
operateur	Die entiteit wat die dienskonsessiegebruik om 'n gemandateerde funksie te voorsien, onderhewig aan die verlener se beheer van die bate.	32.06
P		
planbates	Planbates bestaan uit: (a) bates gehou deur 'n langtermyn-werknemersvoordeelfonds; en (b) kwalifiserende versekeringspolis.	25.08
prakties onuitvoerbaar	Toepassing van 'n vereiste is prakties onuitvoerbaar wanneer die entiteit dit nie kan toepas nie nadat alle redelike pogings aangewend is om dit te doen. Vir 'n spesifieke voorafgaande tydperk is dit prakties onuitvoerbaar om 'n verandering in 'n rekeningkundige beleid terugwerkend toe te pas of 'n terugwerkende hersamestelling te maak om 'n fout reg te stel indien: (a) die gevolge van die terugwerkende toepassing	1.05, 3.04

	<p>of terugwerkende hersamestelling nie vasgestel kan word nie;</p> <p>(b) die terugwerkende toepassing of terugwerkende hersamestelling veronderstellings vereis oor wat bestuur se bedoeling in daardie tydperk sou gewees het; of</p> <p>(c) die terugwerkende toepassing of terugwerkende hersamestelling beduidende ramings van bedrae vereis en dit onmoontlik is om objektief inligting oor daardie ramings te onderskei:</p> <p>(i) wat bewys voorsien van omstandighede wat op die datum(s) bestaan het waarop daardie bedrae erken, gemeet of openbaar gemaak moes word; en</p> <p>(ii) van ander inligting wat beskikbaar sou gewees het toe die finansiële state vir daardie vorige tydperk vir uitreiking gemagtig is.</p>	
proporsionele konsolidasie	'n Metode van rekeningkunde en verslagdoening waardeur 'n ondernemer se deel van elk van die bates, laste, inkomste en uitgawes van 'n gesamentlik beheerde entiteit op 'n lyn-vir-lyn-grondslag met soortgelyke items in die ondernemer se finansiële state gekombineer word of as afsonderlike lynitems in die ondernemer se finansiële state gerapporteer word.	8.07
R		
rekeningkundige beleide	<u>Die</u> spesifieke beginsels, grondslae, konvensies, reëls en praktyke wat deur 'n entiteit in die opstel en aanbieding van finansiële state toegepas word.	1.05, 3.04 , 6.06, (7.06)
rekeningkundige grondslag	Toevallings- of kontantgrondslag van rekeningkunde.	24.06
rentekoers implisiet in die huur	Die diskontokoers wat, by die aanvang van die huur, aanleiding gee tot die totale huidige waarde van: <p>(a) die minimum huurbetalings; en</p> <p>(b) die ongewaarborgde reswaarde wat gelyk moet wees aan die som van</p> <p>(i) die billike waarde van die gehuurde bate; en</p> <p>(ii) enige aanvanklike regstreekse koste van die verhuurder.</p>	13.06

rentekoersrisiko	Die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument as gevolg van veranderinge in markrentekoerse sal fluktueer.	104.13
rentekoste	Die styging gedurende 'n tydperk in die huidige waarde van 'n omskrewevoordeelverpligting wat ontstaan omdat die voordele een tydperk nader aan vereffening is.	25.08
reswaarde van 'n bate	Die geraamde bedrag wat 'n entiteit tans uit die vervreemding van die bate sou verkry, ná aftrekking van die geraamde koste van vervreemding, indien die bate reeds van die ouderdom en in die toestand sou wees wat aan die einde van die nutsduur daarvan verwag is.	17.06
S		
saamgestelde maatskaplike-bestaansekerheids-programme	Programme wat deur wetgewing tot stand gebring is; en (a) as multiwerkgewerplanne funksioneer om na-aftreevoordele te voorsien; asook om (b) voordele te voorsien wat nie beskou word as in ruil te wees vir diens wat deur werknemers gelewer is nie.	25.08
samesmelting	Die totstandbrenging van 'n nuwe gekombineerde entiteit waarin geeneen van die vorige entiteite beheer oor enige ander verkry nie en geen verkryger geïdentifiseer kan word nie.	105.09, 106.10, 107.06
samesmeltings-datum	Die datum waarop entiteite vir die wedersydse deling van risiko's en voordele gekombineer word en wanneer die bates en laste na die gekombineerde entiteit oorgedra word.	107.06
segment	'n Aktiwiteit van 'n entiteit: (a) wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal genereer (met inbegrip van ekonomiese voordele of dienspotensiaal met betrekking tot transaksies tussen aktiwiteite van dieselfde entiteit); (b) wie se resultate gereeld deur bestuur hersien word om besluite te neem oor hulpbronne wat aan daardie aktiwiteit toegewys moet word, en in	18.05

	die evaluering van sy prestasie; en (c) waarvoor afsonderlike finansiële inligting beskikbaar is.	
sluitingskoers	Die lokowisselkoers op die verslagdoeningsdatum.	4.07
spesiale doel-entiteit	'n Entiteit, met inbegrip van 'n ongeïnkorporeerde entiteit soos 'n vennootskap, wat tot stand gebring is om 'n eng en goed omskrewe oogmerk te bereik (byvoorbeeld om 'n huur, navorsings- en ontwikkelingsaktiwiteite of sekuritering van finansiële bates te bewerkstellig).	6.06
staatsake-onderneming (SSO)	'n Entiteit wat, ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig: (a) 'n regs persoon onder die eienaarskapsbeheer van die nasionale/provinsiale uitvoerende bestuur is; (b) met die finansiële en bedryfsbevoegdheid beklee is om 'n sakeaktiwiteit te bedryf; (c) as sy hoofbesigheid goedere of dienste ooreenkomstig gewone sakebeginsels voorsien; en (d) ten volle of wesenlik gefinansier is uit bronne buiten: (i) die Nasionale of Provinsiale Inkomstefonds; of (ii) by wyse van 'n belasting, heffing of ander statutêre geld.	6.06, 7.06, 8.07
staatsplanne	Planne met die uitsondering van saamgestelde programme vir maatskaplike sekerheid wat deur wetgewing tot stand gebring is en funksioneer asof hulle multiwerkgewerplanne is vir alle entiteite in ekonomiese kategorieë wat deur wetgewing bepaal word.	25.08
Standaarde van AERP	Standaarde, Vertolkings en Lasgewings wat deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde uitgegee is.	1.05, 3.04
statutêre debiteure	Debiteure wat: (a) ontstaan uit wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele; en (b) vereffening deur 'n ander entiteit in kontant of deur	108.05

	'n ander finansiële bate vereis.	
T		
terugwerkende toepassing	Toepassing van 'n nuwe rekeningkundige beleid op transaksies, ander gebeure en toestande asof daardie beleid altyd toegepas is.	3.04
terugwerkende hersamestelling	Regstelling van die erkenning, meting en openbaarmaking van bedrae of elemente van finansiële state asof 'n fout in 'n vorige tydperk nooit voorgekom het nie.	3.04
toevallings-grondslag	'n Grondslag van rekeningkunde waarvolgens transaksies, ander gebeure en toestande erken word wanneer dit voorkom (en nie slegs wanneer kontant of die ekwivalent daarvan ontvang of betaal word nie). Die transaksies, ander gebeure of toestande word dus in die rekeningkundige rekords geboekstaaf en erken in die finansiële state van die tydperke waarop hulle van toepassing is. Die elemente wat onder toevallingsrekeningkunde erken word, is bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes.	1.05, 3.04, (6.06), (7.06), (8.07), (24.06)
transaksiebedrag (vir 'n statutêre debiteur)	Die bedrag wat is gespesifiseer in, of bereken, gehef of opgelê word ooreenkomstig, wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele.	108.05
transaksiekoste	Inkrementele koste wat regstreeks aan die verkryging, uitgee of vervreemding van 'n finansiële bate of finansiële las toeskryfbaar is (kyk Bylae A paragraaf AG57 van die Standaard van AERP oor <i>Finansiële Instrumente</i>). 'n Inkrementele koste is een wat nie aangegaan sou gewees het indien die entiteit nie die finansiële instrument verkry, uitgegee of vervreem het nie.	104.13
U		
uitgawes	Afnames in ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk in die vorm van uitvloei of verbruik van bates of ooploping van laste wat verminderings in netto bates tot gevolg het, buiten dié met betrekking tot uitkerings aan eenaars.	1.05, 6.06, 7.06, 8.07
uitgawes wat deur die belastingstelsel	Bedrae wat beskikbaar is aan begunstigdes, ongeag daarvan of hulle belasting betaal al dan nie.	23.05

betaal is		
uitkerings aan eienaars	Toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat deur die entiteit aan al of sommige van sy eienaars uitgekeer word, hetsy as 'n opbrengs op belegging of as 'n terugbetaling van 'n belegging.	1.05, 6.06, 7.06, 8.07
uitruiltransaksies	Transaksies waarin een entiteit bates of dienste ontvang, of sy laste uitgewis word, en regstreeks ongeveer gelyke waarde (primêr in die vorm van kontant, goedere, dienste of gebruik van bates) in ruil daarvoor aan 'n ander entiteit gee.	1.05, 9.12, 12.07, 16.05, 17.06, 23.05, 31.11
V		
valutarisiko	Die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument as gevolg van veranderinge in wisselkoerse sal fluktueer.	104.13
vastepryskontrak	'n Konstruksiekontrak waarin die kontrakteur tot 'n vaste kontrakprys instem, of 'n vaste tarief per uitseteenheid, wat in sommige gevalle aan kosteskalasieklousules onderworpe is.	11.07
verandering in rekeningkundige raming	'n Aansuiwering in die drawaarde van 'n bate of 'n las, of die bedrag van die periodieke verbruik van 'n bate, wat die gevolg is van die evaluering van die huidige status van, en verwagte toekomstige voordele en verpligtinge wat verband hou met, bates en laste. Veranderinge in rekeningkundige ramings is die gevolg van nuwe inligting of nuwe ontwikkelings en is gevolglik nie regstellings van foute nie.	3.04
vergelykbare grondslag	Die werklike bedrae wat op dieselfde rekeningkundige grondslag, dieselfde klassifikasiegrondslag, vir dieselfde entiteite en vir dieselfde tydperk aangebied word.	24.06
vergunningslening	'n Lening wat deur 'n entiteit toegestaan of ontvang word volgens bepalings wat nie markverwant is nie.	23.05, 104.13
verhaalbare bedrag (van 'n bate)	'n Kontantgenererende bate se netto verkoopsprys of die huidige waarde daarvan in gebruik, watter ook al die hoogste is.	103.04
verhaalbare bedrag (van 'n bate of 'n	Die billike waarde van 'n bate of 'n kontantgenererende bate minus koste om dit te verkoop of die waarde	26.10

kontant-genererende eenheid)	daarvan in gebruik, wat ook al die hoogste is.	
verhaalbare diensbedrag	'n Niekontantgenererende bate se billike waarde minus die koste daarvan om dit te verkoop en die waarde daarvan in gebruik, wat ook al die hoogste is.	21.09, 103.04
verkrygde	Die entiteit en/of die funksies waarvan die verkryger beheer in 'n oordrag van funksies verkry.	106.10
verkryger	Die entiteit wat beheer oor die verkrygde of oordraggewer verkry.	105.09, 106.10
verkrygingsdatum	Die datum waarop die verkryger beheer oor die verkrygde verkry.	106.10
verkrygingskoste	Indien 'n entiteit aanvanklik bates soos items van eiendom, aanleg en toerusting, beleggingseiendomme, ontasbare en erfenisbates met gebruik van die Standaard van AERP erken, word daardie bates met gebruik van hetsy kosprys (indien die bate in 'n uitruiltransaksie verkry word) of billike waarde (indien die bate in 'n nie-uitruiltransaksie verkry word) gemeet. Hierdie kosprys of billike waarde by aanvanklike verkryging van 'n bate of wanneer die koste van 'n bate op die oordragdatum of die samesmeltingsdatum bepaal moet word, is die verkrygingskoste.	D7.05
verlener	Die entiteit wat die reg op gebruik van die dienskonsessiebate aan die operateur verleen.	32.06
verpligtende gebeurtenis	'n Gebeurtenis wat 'n regs- of konstruktiewe verpligting skep wat tot gevolg het dat 'n entiteit geen ander realistiese alternatief het as om daardie verpligting te vereffen nie.	19.17
vervreemdingskoste	Inkrementele koste wat regstreeks aan die vervreemding van 'n bate toegeskryf kan word, buiten finansieringskoste en inkomstebelastinguitgawes.	21.09, 26.10
verwante party	'n Persoon of 'n entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of beduidende invloed oor die ander party uit te oefen, of omgekeerd, of 'n entiteit wat aan gemeenskaplike beheer of gesamentlike beheer onderworpe is. As 'n minimum word die volgende as verwante partye van	20.10

	<p>die verslagdoenende entiteit beskou:</p> <p>(a) 'n Persoon of nabyfamilielid van daardie persoon is verwant aan die verslagdoenende entiteit indien daardie persoon:</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) beheer of gesamentlike beheer oor die verslagdoenende entiteit het; (ii) beduidende invloed oor die verslagdoenende entiteit het; of (iii) 'n lid van die bestuur van die entiteit of van sy beherende entiteit is. <p>(b) 'n Entiteit is verwant aan die verslagdoenende entiteit indien enige van die volgende voorwaardes van toepassing is:</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) die entiteit is 'n lid van dieselfde ekonomiese entiteit (wat beteken dat alle beherende entiteite, beheerde entiteite en medebeheerde entiteite aan mekaar verwant is); (ii) een entiteit is 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming van die ander entiteit (of 'n geassosieerde of gesamentlike onderneming van 'n lid van 'n ekonomiese entiteit waarvan die ander entiteit 'n lid is); (iii) beide entiteite is gesamentlike ondernemings van dieselfde derde party; (iv) een entiteit is 'n gesamentlike onderneming van 'n derde entiteit en die ander entiteit is 'n geassosieerde van die derde entiteit; (v) die entiteit is 'n na-aftreevoordeelplan tot die voordeel van werknemers van hetsy die entiteit of 'n entiteit wat aan die entiteit verwant is. Indien die verslagdoenende entiteit self so 'n plan is, is die werkgewers wat dit borg aan die entiteit verwant; (vi) die entiteit word beheer of gesamentlik beheer deur 'n persoon wat in (a) geïdentifiseer is; en (vii) 'n persoon wat in (a)(i) geïdentifiseer is, het beduidende invloed oor daardie entiteit of is 'n lid van die bestuur van daardie entiteit (of sy beherende entiteit). 	
--	--	--

verwanteparty-transaksie	'n Oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die verslagdoenende entiteit en 'n verwante party, ongeag daarvan of 'n prys daarvoor gehef word.	20.10
verslagdoeningsdatum	Die datum van die laaste dag van die verslagdoeningstydperk waarop die finansiële state betrekking het.	1.05, 6.06, 7.06, 14.03
voorgenome toepassing	<p>Toepassing van 'n verandering in die rekeningkundige beleid en van erkenning van die uitwerking van 'n verandering in 'n rekeningkundige beleid, onderskeidelik, is:</p> <p>(a) toepassing van die nuwe rekeningkundige beleid op transaksies, ander gebeure en toestande wat plaasvind ná die datum waarop die beleid verander word; en</p> <p>(b) erkenning van die uitwerking van die verandering in die rekeningkundige raming in die huidige en toekomstige tydperke wat deur die verandering geraak word.</p>	voorgenom e toepassing
voorraad	<p>Bates:</p> <p>(a) in die vorm van materiaal of voorraad wat in die produksieproses verbruik sal word;</p> <p>(b) in die vorm van materiaal of voorraad wat in die lewering van dienste verbruik of versprei sal word;</p> <p>(c) gehou vir verkoop of verspreiding in die gewone gang van bedrywighe; of</p> <p>(d) in die proses van produksie vir verkoop of verspreiding.</p>	12.07
voorsiening	'n Aanspreeklikheid waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is.	19.17
voorskrifte oor oorgedraagde bates	Bepalings in wette of regulasies, of 'n bindende reëling, wat op die gebruik van 'n oorgedraagde bate geplaas word deur entiteite buite die verslagdoenende entiteit.	23.05
voorwaardelike aanspreeklikheid	(a) 'n moontlike verpligting wat uit gebeure in die verlede ontstaan en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie heeltemal binne die	19.17

	<p>beheer van die entiteit is nie; of</p> <p>(b) 'n huidige verpligting wat uit gebeure in die verlede ontstaan maar nie erken word nie omdat:</p> <p>(i) dit nie waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal omvat, vereis sal word om die verpligting af te los nie; of</p> <p>(ii) die bedrag van die verpligting nie met toereikende betroubaarheid gemeet kan word nie.</p>	
voorwaardelike bate	'n Moontlike bate wat uit gebeure in die verlede ontstaan en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie heeltemal binne die beheer van die entiteit is nie.	19.17
voorwaardelike huur	Daardie gedeelte van die huurbetalings wat nie 'n vaste bedrag is nie, maar gegrond is op die toekomstige bedrag van 'n faktor wat verander, buiten met die verloop van tyd (bv. persentasie van toekomstige verkope, bedrag van toekomstige gebruik, toekomstige prysindekse, toekomstige markrentekoerse).	13.06
voorwaardelike teenprestasie	Gewoonlik 'n verpligting van die verkryger om bykomende bates of 'n oorblywende belang aan die voormalige eienaars van 'n verkrygde oor te dra as deel van die uitruiling vir beheer van die verkrygde indien gespesifiseerde toekomstige gebeure plaasvind of daar aan voorwaardes voldoen word. 'n Voorwaardelike teenprestasie kan egter ook aan die verkryger die reg verleen om 'n voorheen oorgedraagde teenprestasie terug te ontvang indien daar aan gespesifiseerde voorwaardes voldoen word.	106.10
voorwaardes (t.o.v. oorgedraagde bates)	Bepalings wat spesifiseer dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat in die bate vergestalt is, vereis word om deur die ontvanger gebruik te word soos gespesifiseer, of dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal andersins na die oordraggewer moet teruggaan.	23.05
vorigedienskoste	Die verandering in die huidige waarde van die omskrewewoordeverpligting vir werknemersdiens in vorige tydperke wat in die huidige tydperk ontstaan as	25.08

	gevolg van die instelling van, of veranderinge aan, na-aftreevoordele of ander langtermyn-werknemersvoordele. Vorigedienskosse kan hetsy positief wees (indien voordele ingestel of verander word sodat die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting toeneem) of negatief (indien bestaande voordele verander word sodat die huidige waarde van die omskrewevoordeelverpligting afneem).	
W		
waardedaling	'n Verlies in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n bate, bo en behalwe die sistematiese erkenning van die verlies van die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur waardevermindering.	21.09, 26.10
waardedalings-verlies van 'n kontant-genererende bate	Die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate die verhaalbare bedrag daarvan oorskry.	17.06, 26.10, 103.04
waardedalings-verlies van 'n niekontant-genererende bate	Die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate die verhaalbare diensbedrag daarvan oorskry.	17.06, 21.09, 103.04
waarde in gebruik van 'n kontant-genererende bate	Die huidige waarde van die toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit 'n bate of kontantgenererende eenheid verkry sal word.	(26.10),103.04
waarde in gebruik van 'n niekontant-genererende bate	Die huidige waarde van die bate se oorblywende dienspotensiaal.	21.09, 103.04
waardevermindering	Die sistematiese toedeling van die afskryfbare bedrag van 'n bate oor die nutsduur daarvan.	17.06, 21.09, 26.10, 103.04
werknemers-voordele	Alle vorme van teenprestasie wat deur 'n entiteit gegee word in ruil vir diens wat deur werknemers gelewer word.	25.08
wesenlik	Weglatings of wanvoorstellings van items is wesenlik indien dit, individueel of gesamentlik, die besluite of	1.05, 3.04

	<p>evaluerings van gebruikers wat op grond van die finansiële state gemaak word, kan beïnvloed. Wesenlikheid hang af van die aard of grootte van die weglating of wanvoorstelling, geoordeel in die gepaardgaande omstandighede. Die aard of grootte van die inligtingsitem, of 'n kombinasie van beide, kan die bepalende faktor wees.</p>	
wetlike verpligting	<p>'n Verpligting wat ontstaan uit:</p> <ul style="list-style-type: none"> (a) 'n kontrak (deur die eksplisiete of implisiete bepalings daarvan; (b) wetgewing; of (c) ander regswerking. 	19.17
wisselkoers	Die ruilverhouding vir twee geldeenhede.	4.07
wisselkoersverskil	Die verskil wat ontstaan uit die omrekening van 'n gegewe getal eenhede van een geldeenheid in 'n ander geldeenheid teen verskillende wisselkoerse.	4.07